

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

| GRAAN SA OLIESADE | DATUM 2020/02/24 | | DATUM 2020/02/21 | | + - WEEK GELEDE 2020/02/17 | | + - MAAND GELEDE 2020/01/27 | | + - JAAR GELEDE 2019/02/26 | |
|--|---------------------|----------------|---------------------|------------|--|------------|--------------------------------|---------|-------------------------------|---------|
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data |
| | | | | | | | | | | |
| Brent (\$/b) | 57.06 | -1.48 | -2.5% | 58.54 | -0.2% | 57.15 | -3.8% | 59.32 | -13.2% | 65.72 |
| US\$: ? ZAR | 15.11 | 0.020 | 0.1% | 15.09 | 1.8% | 14.84 | 4.4% | 14.47 | 9.3% | 13.83 |
| ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm* | R 2 242.58 | -11 | -0.5% | R 2 253.87 | *CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Mar + -12 : 00 the previous day | | | | | |
| ΔCBOT Koring 8vm : 12nm* | R 3 059.14 | 42 | 1.4% | R 3 017.39 | *CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Mar + -12 : 00 the previous day | | | | | |
| ΔCBOT Soja 8vm : 12nm* | R 4 941.26 | -28 | -0.6% | R 4 969.09 | *CBOT Mar cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Mar + -12 : 00 the previous day | | | | | |
| Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige handelingsdag) | | | | | | | | | | |
| Mielies Mar '20 | 377.00 | -2.40 | -0.6% | 379.40 | -2% | 383.40 | -3% | 389.20 | -8% | 408.20 |
| Koring Mar '20 | 551.00 | 6.80 | 1.2% | 544.20 | -1% | 558.60 | -3% | 570.40 | 1% | 543.20 |
| Sojabone Mar '20 | 890.00 | -6.20 | -0.7% | 896.20 | 1% | 882.00 | -4% | 929.00 | -8% | 966.20 |
| Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige handelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)) | | | | | | | | | | |
| SORGHUM Spot | 3215.00 | 0 | 0.0% | 3215.00 | 0.0% | 3215.00 | 0.0% | 3215.00 | -15.8% | 3820.00 |
| WMAZ Spot | 2743.00 | 44 | 1.6% | 2699.00 | -2.5% | 2813.00 | -13.3% | 3163.00 | 2.0% | 2688.00 |
| WMAZ Mar '20 | 2655.00 | 2 | 0.1% | 2653.00 | -4.1% | 2768.00 | -12.4% | 3032.00 | -11.5% | 2999.00 |
| YMAZ Spot | 2537.00 | -51 | -2.0% | 2588.00 | -3.9% | 2639.00 | -13.5% | 2932.00 | 0.5% | 2525.00 |
| YMAZ Mar '20 | 2550.00 | -28 | -1.1% | 2578.00 | -3.3% | 2638.00 | -13.0% | 2930.00 | -7.1% | 2745.00 |
| SOY Spot | 5915.00 | -39 | -0.7% | 5954.00 | -0.3% | 5930.00 | 0.0% | 5917.00 | 26.0% | 4694.00 |
| SOY Mar '20 | 5903.00 | 8 | 0.1% | 5895.00 | 0.7% | 5862.00 | 1.5% | 5815.00 | 25.8% | 4694.00 |
| SUN Spot | 5205.00 | 22 | 0.4% | 5183.00 | -1.3% | 5273.00 | -11.1% | 5854.00 | -0.7% | 5241.00 |
| SUN Mar '20 | 5300.00 | 83 | 1.6% | 5217.00 | 0.6% | 5268.00 | -9.4% | 5847.00 | 1.1% | 5241.00 |
| WHEAT Spot | 4750.00 | 0 | 0.0% | 4750.00 | 0.8% | 4712.00 | 0.4% | 4732.00 | 9.5% | 4336.00 |
| WHEAT Mar '20 | 4740.00 | 3 | 0.1% | 4737.00 | 0.7% | 4705.00 | 1.9% | 4652.00 | 9.3% | 4336.00 |
| OLIESADE (US\$/ton) | 2020/02/24 | Bron: Oilworld | | | 2020/02/14 | 2019/03/22 | 2018/04/30 | | | |
| Soya-oil, Arg. | 713 | | | | -2.9% | 734 | 4% | 685 | 5% | 676 |
| Soya-pell, Arg. | 334 | | | | 0.0% | 334 | 2% | 326 | -9% | 368 |
| Soybean, USA | 380 | | | | 0.8% | 377 | 0% | 379 | -7% | 410 |
| USA Runner 40/50 | 1500 | | | | 0.0% | 1500 | 15% | 1300 | 15% | 1300 |
| Sun-oil, Arg. | 735 | | | | -1.3% | 745 | 11% | 665 | -8% | 800 |
| Sun-oil, Black Sea | 705 | | | | -2.8% | 725 | 4% | 675 | -6% | 750 |
| Sunseed,Black Sea | 400 | | | | -2.4% | 410 | 8% | 370 | -2% | 409 |
| Rapeseed, EU cif | 441 | | | | 0.9% | 437 | 6% | 417 | 11% | 399 |
| Palm oil Mal, EU | 810 | | | | 0.0% | 810 | 13% | 720 | -22% | 1037 |
| JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE | | | | | | | | | | |
| <p>Sojabone: In die internasionale sojaboonmark is die grootste fokus tans op die Suid-Amerikaanse mark waar die stroop proses van sojabone aan die gang is. In Brasilië word die sojaboon produksie vir die seisoen op tussen 125 en 127 miljoen ton geskat wat 'n nuwe rekord produksie vir Brasilië sal wees. Rekord opbrengste word tot dusver gerapporteer in groot gedeeltes van Brasilië waar die stroop proses aan die gang is. Daar is egter wel gedeeltes waar dit die produksieomstandighede nie heeltemal optimaal is nie, en die verwagtinge is dat hierdie gedeeltes se opbrengste effens laer behoort te wees. In Argentinië is die produksietoestande ook tans gunstig en die Argentynse sojaboon produksie vir die seisoen word op 53.8 miljoen ton geskat. In Argentinië was die verwerking van sojabone gedurende Januarie laer wat die verwagtinge was en die volgende paar maande se verwerking behoort ook laer te wees as wat die aanvanklike verwagtinge was. Die laer as verwagte verwerkings in Argentinië sal veroorsaak dat die Argentynse oordragvoorraad teen die einde van Maart 2020 rekord vlakke van 5.9 miljoen ton kan bereik. Die wêreld sojaboon olie voorraad is tans laag weens die laer as verwagte verwerking van sojabone in Argentinië. Plaaslik: Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik gemeng verhandel, maar het effens hoër gesluit vir die week in die nuwe seisoen kontrakte. Die eerste produksieskatting vir die seisoen word die 26ste Februarie deur die NOK bekend gemaak.</p> <p>Sonneblomsaad: Die wêreld sonneblom voorraad sal waarskynlik laer wees as wat aanvanklik verwag was aan die einde van die 2019/20 seisoen. Dit is as gevolg van die rekord verbruik wat die eerste 6 tot 9 maande van die 2019/20 seisoen plaasgevind het. Die totale wêreld sonneblom verwerking vir die 2019/20 seisoen word op nuwe rekord vlakke van 54.75 miljoen ton geskat. Die beskikbare sonneblomsaad voorraad in Bulgarye en Roemenië is reeds uitgedun wat die pryse van sonneblomsaad ondersteun. Plaaslik: Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week hoofsaaklik hoër gesluit in meeste van die nuwe seisoen kontrakte, terwyl die spotmaand kontrak laer gesluit het vir die week.</p> <p>Kanola: Die volgehoue handelsgeskille tussen die Kanada en China sal veroorsaak dat die wêreld uitvoere van kanola hierdie seisoen steeds onder druk bly. Die kanola voorraad in Kanada is ook steeds hoog en die verwagting is dat Kanada se kanola voorraad aan die einde van die 2019/20 bemarkingsseisoen teen 3.5 miljoen ton sal staan. China het die laaste tyd meer kanola vanaf Australië ingevoer wat opmaak vir die laer invoere vanaf Kanada. Die Chinese kanola invoere behoort egter steeds 40% laer te wees gedurende die 2019/20 seisoen.</p> <p>Grondbone: Alhoewel die wêreld uitvoere van grondbone rekord vlakke bereik gedurende 2019 is die verwagting dat die wêreld uitvoere laer behoort te wees gedurende 2020. Een van die groot beperkende faktore vir wêreld uitvoere is die kwota wat Senegal op die uitvoere van grondbone geplaas het. In Indië is daar 'n groter plaaslike vraag na grondbone wat die uitvoerbare voorraad in Indië verlaag. Argentinië se grondboon produksie vir die seisoen behoort ook laer te wees as wat aanvanklik verwag was, terwyl die Amerikaanse grondboon voorraad naby aan 'n 3 jaar laagtepunt is. Plaaslik: Die eerste produksie skatting van die seisoen word die 26ste Februarie bekend gemaak wat meer sekerheid sal gee rakende die verwagte grondboon produksie vir die seisoen.</p> | | | | | | | | | | |
| Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za | | | | | | | | | | |